

Kerk en staat – Francois Malan

Magda vra

Verduidelik asb die skeiding tussen die funksies van kerk en staat

Antwoord:

Pof Francois Malan antwoord:

Elke land en tyd het verskillende opvattinge en wette oor die verhouding tussen staat en kerk. In Suid-Afrika het die wette daarvoor byvoorbeeld na 1994 verander. Kyk bv. na afdelings 15 en 234 van die konstitusie van Suid-Afrika wat in 1996 wetgeword het.

Google bv. Pieter Coertzen se artikel 'Constitution, Church and religions in South Africa'

Die Nuwe Testament gee sekere riglyne wat verskil van party van die Ou Testament se verskillende verhoudings onder verskillende konings van Israel en Juda en van die rol van die verskillende profete van God.

Volgens Mattheus 22:21 het Jesus oor die keiser se belasting en die mense se alledaagse gebruik van die keiser se geldstelsel gesê: 'Gee aan die keiser wat hom toekom en aan God wat Hom toekom.' (ook in Markus 12:17; Lukas 20:20-26).

So skryf 1 Petrus 2:13-17 : 'Wees **ter wille van die Here** onderdanig aan elke menslike instelling, sowel aan die keiser, die hoogste gesagsdraer, as aan die amptenare – die mense deur die keiser gestuur om die misdadigers te straf, én die wat goed doen, aan te prys. God wil immers hê dat julle deur goed te doen die onkunde van die dwase stopsit. Leef as vry mense –

nie soos hulle wat die vryheid as 'n dekmantel vir die kwaad beskou nie, maar as mense wat God dien. Julle moet alle mense respekteer, die medegelowiges met liefde bejeën, ontsag vir God hê, die keiser respekteer.'

Paulus het dit verder omskryf in Romeine 13:1-7 'Elke mens moet onderdanig wees aan die gesaghebbers wat oor hom gestel is, **want daar is geen gesag wat nie van God afkomstig is nie; en dié wat daar wel is, is deur God ingestel** (vgl. Jesus se woorde aan Pilatus in Joh 19:11: U sou geen volmag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee is nie). Wie die gesag teenstaan, verset hulle dus teen die instelling van God, en diegene wat hulle verset, sal 'n oordeel oor hulleself bring. Die owerhede boesem immers nie vrees in as dit kom by goeie optrede nie, maar wel by verkeerde optrede. Wil jy sonder vrees vir die owerhede leef? Doen dan wat goed is, en jy sal lof van die owerheid ontvang. Want die owerheid is 'n dienskneg van God tot jou beswil. Maar as jy doen wat sleg is, moet jy bang wees. Die owerheid dra nie verniet die swaard nie. Hy is immers 'n dienskneg van God, aangestel om kwaaddoeners te straf. Dit is dus noodsaaklik om onderdanig te wees, nie net uit vrees vir straf nie, maar ook ter wille van jou gewete.

Daarom betaal julle ook belastings, want hulle is diensknegte van God wat hulle juis hiermee bemoei. Betaal aan almal wat hulle toekom: belasting wie belasting, tolgeld aan wie tolgeld, ontsag aan wie ontsag, eer aan wie eer toekom.'

Jesus en Petrus en Paulus het gelewe in 'n staat waar die keiser en die senaat die seggenskap oor die hele Romeinse ryk gehad het. Ons leef in 'n demokratiese staat, waar die mense (Grieks *dêmos* 'volk') die seggenskap het (Grieks *krateō* regeer) met hulle stemreg en die reg van spraak en kritiek op die regering. Maar die beginsels wat in die Bybel gestel word as die wil van God vir ons lewe, is waarvolgens gelowiges in 'n sekulêre staat lewe.

Die funksie van die staat is om te sorg vir reg, geregtigheid en die versorging van die mense. Die funksie van die kerk is om te dien, om God te dien deur ons medemens in liefde en barmhartigheid te dien. Terwyl mense en die staat strewe na grootheid en uitnemendheid, strewe Jesus se volgelinge na nederige diens. Volgens Markus 10:42-45 het Jesus vir sy volgelinge gesê: 'Julle weet dat hulle wat as heersers oor die nasies beskou word, oor hulle baasspeel en dat hulle maghebbers oor hulle gesag uitoefen. By julle is dit egter nie so nie, maar wie belangrik onder julle wil wees, moet julle dienaar wees, en wie eerste onder julle wil wees, moet almal se slaaf wees. Want ook die Seun van die mens (soos Jesus Homself noem) het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.'

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Ja vir God, nee vir die kerk – Kobus Kok

Ja vir God, nee vir die kerk...dis hoe baie Christene voel.

"Jammer om dit te sê, maar Suid-Afrika is nie ver van hierdie trajek af nie. Indien die kerk nie nou radikaal wakker skrik nie, is dit onafwendbaar dat die kerk soos ons dit ken, 'n stadige (of dalk vinnige) dood gaan sterf," sê Kobus Kok.

In *Ja vir God, nee vir die kerk?* praat Kobus Kok reguit hieroor. Hy skryf eerlik oor sy lewenslange liefde vir God, sy uitdagings as pastoriekind en sy lewe as NG predikant, asook sy lewe tans as professor in Nuwe Testament aan die Evangeliese Teologiese Faculteit Leuven in België.

Kom gesels saam by die bekendstelling van die boek en 'n groeps gesprek oor die uitdaging van die kerk in moderne tye, onder leiding van Kobus Kok en Bouwer Bosch op 15 September 2018.

Hiermee 'n kort videogreep van Kobus: [Kliek hierop om te wys](#)

Om sy boek se bekendstelling by te woon, kliek asb op die volgende skakel: [Besprekings](#)

Die Heilige Gees – vroeë kerk en vandag – Hermie van Zyl

Willie vra:

Die invloed van die Heilige Gees op die Christene van die vroeë kerk het ongetwyfeld groot veranderinge in mense se lewens teweeg gebring. (Na aanleiding van Galasiërs 3 waar Paulus hulle uittrap omdat hulle so gou begin dwaal het nadat God groot wonders by hulle gedoen het.) Dit lyk of die Heilige Gees nie vandag ook dieselfde effek het in die kerk nie. My vraag is hoekom dit nie so is nie en wat ons dan doen om in ons lewens 'n struikelblok te veroorsaak vir dit wat by die vroeë kerk gebeur het?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Vanuit 'n sekere hoek gesien, is dit inderdaad so dat die beeld van die vroeë kerk een is waarop vandag se kerk nogal jaloers kan wees. Byvoorbeeld, as 'n mens die Handelingeverhaal lees, word vir ons 'n prentjie geteken van gelowiges wat mededeelsaam is en mekaar van harte ondersteun, van

wonders wat gereeld voorkom, en waar die getalle voortdurend uitbrei (vgl Hand 2:41-47; 4:32-35; 5:11-14). In die Romeinebrief praat Paulus juis van die bedeling van die Gees wat aangebreek het en dat ons nou nie meer deur ons ou natuur beheers word nie, maar deur die Gees (Rom 8:1-17, vgl veral v4,9-11). En 1 Korintiërs vertel van die besondere werking van die Gees in dié gemeente, in so 'n mate dat Paulus waarsku dat mense nie hoogmoedig moet word hieroor nie. Dis nie net diegene wat in tale praat wat die Gees ontvang het nie; nee, die Gees manifesteer op verskillende maniere en as verskillende gawes, en elkeen hiervan is belangrik vir die opbou van die gemeente (1 Kor 12; 14). Maar die punt is dat hierdie gemeente in 'n hoë mate die werking van die Gees beleef en gemanifesteer gesien het.

Maar ons moenie dink dat alles in die vroeë kerk getuig het van die besondere werking van die Gees in hulle midde nie. In die eerste Korintiese gemeente het daar ook baie uitwasse voorgekom. Paulus kon nie met hulle praat soos met volwasse Christene nie omdat afguns en partyskappe aan die orde van die dag was onder hulle (1 Kor 3:1-9); onsedelikheid het voorgekom (1 Kor 5:1); gelowiges het mekaar onnodig hof toe gesleep (1 Kor 6); daar was ernstige meningsverskil oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer is (1 Kor 8); ensovoorts. In die Hebreërgeskrif word weer vertel van die traagheid in geloofsvolharding in die gemeente, in so 'n mate dat totale afval gedreig het en die skrywer moes waarsku dat 'n mens wat totale afval ondergaan het, nie weer tot bekering vernuwe kan word nie (Heb 5:11-6:8). En soos ons vraagsteller opmerk, die Galasiërs word as "sonder begrip" uitgebeeld (Gal 3:1). Hulle het die volle evangelie van genade by Paulus gehoor en ervaar, maar kort voor lank was hulle weer aan die terugval in hulle ou weë. Hulle het klaarblyklik terugverlang na die veiligheid en struktuur wat die wet van Moses aan hulle lewe gegee het.

Alles was dus nie so voortreflik in die vroeë kerk soos ons soms dink nie. Die punt wat ek probeer maak, is dat 'n mens

nie die vroeë kerk moet idealiseer nie. Ja, hulle het die gawe van die Heilige Gees ontvang, en ook die vrug daarvan gelewer. Maar so het die sonde ook nog sy tol geëis. Want dit moet ons weet: solank ons op aarde is, sal ons nie aan die suigkrag van die sonde ontkom nie. Tog word ons deur die Gees in staat gestel om nie slawe van die sonde te wees nie, nie toe te laat dat ons daardeur beheers word nie; nog meer, ons kan nou die vrug van die Heilige Gees begin voortbring in ons aardse lewe.

Struktureel gesproke is daar dus geen verskil tussen die vroeë kerk en die kerk van ons eie tyd nie. Die vroeë kerk was nie beter af as ons nie; hulle lewe was nie op 'n hoër geestelike peil ons s'n nie. En al voel dit soms so – net omdat ons eerstehandse ervaring van ons eie tyd het en die vroeë kerk net “op papier” ken – is die kerk se geestelike lewe vandag nie noodwendig van 'n slegter standaard as destyds nie. Soos bostaande oorsig toon, lewe beide vroeë en eietydse kerk in die bedeling van die Gees, waar God se krag in ons vrygelaat word. Maar ons het beide ook te doen met die stryd teen die sonde, wat maar altoos dreig om van ons lewe besit te neem. Iemand wat vandag die kerk in Suid-Afrika – of in watter deel van die wêreld ook al – moet beskryf, sal 'n soortgelyke prentjie kan skilder as wat die Nuwe Testament van die vroeë kerk doen. Enersyds is al die tekens daar dat die Gees werksaam is. Daar is pragtige projekte wat deur die kerk aangepak word wat wys dat die Gees ons sensitief maak vir die nood van die wêreld waarin ons leef. 'n Mens moet maar net jou oë en ore oopmaak en hoor en lees van al die wonderlike dinge wat die Here in en deur sy kerk besig is om te doen; dis niks minder as wonderwerke nie. Dieselfde oortuiging, toewyding en oorgawe is daar as in die vroeë kerk. Maar andersyds is ons ook pynlik bewus van ons tekortkominge en sonde – dinge wat in die kerk gebeur waaroor ons skaam is en wat ons met pyn moet bely aan die Here en teenoor mekaar. Ons het nog nie gearriveer nie. Maar dat ons noodwendig sleg afsteek teen die eerste kerk, is ek nie van oortuig nie, nie as mens die bladsye van die Nuwe Testament noukeurig en eerlik lees nie.

Want laasgenoemde is nie net 'n onvermengde verhaal van oorwinning oor die sonde en 'n lewe in die krag van die Gees nie; dis ook 'n prentjie van sonde en mislukking. Trouens, die Nuwe Testament is in hierdie opsig 'n spieël waarin ons kan kyk om ons onself te herken – as mense wat draers is van die Gees, maar wat terselfdertyd worstel met die sonde.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Geloof en wetenskap – Hermie van Zyl

Jan vra:

Ek is so 6 jaar na die tyd, maar ek het gister probeer vasstel wie dr Jurie van den Heever is wat Sondae aan 'n program van RSG deelneem "Hoe verklaar jy dit?". Kom ek af op 'n webwerf, Sentrum vir Eietydse Spiritualiteit, waar die geleerde man 'n artikel geplaas het onder die opskrif: "Quo vadis: Ope brief aan die gereformeerde kerke in Suid Afrika", gedateer 1 September 2011. In die artikel trek hy die Bybel en die kerk uitmekaar. Groot lof gaan aan prof Sakkie Spangenberg, een van die voorste Bybelwetenskaplikes in Suid Afrika, en 'n houtlepel vir prof Adrio König vir sy boek: *Ek glo die Bybel ondanks al die vrae*, wat volgens Van den Heever 'n "kop in die sand houding is wat niks oplos nie". Ek sou graag wou weet of die NG Kerk op hierdie brief gereageer het en wat die inhoud van hul reaksie was?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord

Die vraagsteller verwys na 'n artikel deur dr Jurie van den Heever wat ses jaar gelede verskyn het op die webblad van *Sentrum vir Eietydse Spiritualiteit*. Laasgenoemde is, volgens die webblad, 'n forum vir vrydenkers en voordenkings, veral wat betref die verstaan van die Bybel, die verhouding tussen geloof en wetenskap, en nuwe vorme van spiritualiteit. In sy artikel rig Van den Heever ope vrae aan spesifiek die kerke van gereformeerde inslag in SA. Hy vra wanneer die kerke gaan afstand doen van oudmodiese, voorwetenskaplike kennis oor God, Jesus en die Bybel. Meer spesifiek het hy dit daarvoor dat niemand tog meer kan glo dat Jesus maagdelik gebore is, uit die dood opgestaan het, ten hemele gevaar het, en as God bely word nie. Hy sê verder dat mens nie hierdie godsdienstige "waarhede" nodig het om 'n morele lewe te lei nie. Hy pleit daarvoor dat die rede as die toetssteen vir 'n sinvolle lewe en moraliteit aanvaar word, en nie uitgediende mites en fabels wat die kerk steeds as absolute waarhede verkondig nie. Hy verwonder hom daarvoor dat Bybelwetenskaplike insigte wat al vir dekades bekend is en in teologiese opleidingsinrigtings gedoseer word, nie deur die kerke verreken word in hulle amptelike standpunte nie, en dat kerkleiers verkies om hierdie insigte óf te ignoreer óf te weerhou van lidmate en hulle so in die duister hou oor die ware feite. Dít, sê Van den Heever, is een van die redes waarom lidmate met hulle voete stem. Kerkbywoning neem af, want lidmate is nie langer gediend daarmee om kerklike waarhede Sondag na Sondag te bely terwyl hulle weet dat daar geen waarheid in steek nie.

Na my beste wete het die kerk nog nooit amptelik op hierdie ope brief van Van den Heever gereageer nie. (Dit is nie juis kerklike gebruik om dit so te doen nie.) Maar dit beteken nie dat die insigte oor geloof en wetenskap, soos deur verskeie standpunte verteenwoordig, deur die gereformeerde kerke – meer spesifiek die NG Kerk – geïgnoreer word nie. Inteendeel. By meer as een Sinode het die NG Kerk, byvoorbeeld, hom al in verslae amptelik uitgespreek oor sy Skrifbeskouing, dit wil sê, oor die manier waarop hy as geloofsgemeenskap wat die

Bybel ernstig neem, die verstaan van die Skrif vir vandag beskou. In hierdie verslae word duidelik aangetoon hoe wetenskaplike insigte verreken word sodat die kerk nie met 'n fundamentalistiese Skrifbeskouing opereer wat wêreldvreemd is in die tyd waarin sy lidmate leef nie. In 2011 het die NG Kerk byvoorbeeld die volgende aanvaar oor hoe menslike rede en Skrifverstaan saam opereer:

“Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis (dat die Skrif vir die gelowige gesagvol, betroubaar, duidelik en voldoende is wat kerngeloofsake betref– HCvZ) vir ons nié:

* dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat 'n gawe van God is, moet opoffer nie;

* dat die Bybel gesien kan word as 'n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;

* dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;

* dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.”

Hierdie verklaring sal vir seker nie mense soos Van den Heever tevrede stel nie. Want, sal hulle sê, dit lê nog te veel klem op die waarde van die Bybel en sê te min oor die rol wat die rede in die geloofslewe moet speel. Dat dit inderdaad nie tevrede stel nie, blyk duidelik daaruit dat Van den Heever nog onlangs 'n boek laat verskyn het (*Wat moet ons met ons Kerk doen?* Naledi, 2017) waarin hy nie net sy gedagtes van 2011 herhaal nie maar dit ook breedvoeriger uiteensit. Sy klagtes oor die kerk se stompsinnigheid – dat steeds volhard word met oudmodiese insigte oor God, Jesus en die Bybel – is dus nog steeds dieselfde.

Wat ek vervolgens hier onder aanbied, is 'n kort reaksie op

die insigte wat Van den Heever in sy geskifte van 2011 én 2017 na vore bring. Dit is uiteraard 'n persoonlike siening oor die verhouding tussen geloof en rede, maar tog verteenwoordig dit myns insiens 'n breë sentiment in die kerk oor hierdie uiters komplekse kwessie. Ek kan uiteraard nie op alles ingaan wat Van den Heever skryf nie; ek bied slegs 'n soort perspektiewiese reaksie.

3. Daar is baie in Van den Heever se sienings waarin ek dit grondig met hom eens is. Daar is geen manier waarop die kerk eietydse insigte vanuit die natuur- en geesteswetenskappe summier kan ignoreer en voortgaan asof ons steeds in 'n voorwetenskaplike era leef nie. En die kerk is inderdaad soms stadig om "by te kom". Ons het wel bygekom met die aanvaarding van 'n heliosentriese wêreldbeeld (dat die son, en nie die aarde nie, die sentrum van ons sonnestelsel vorm), dat die aarde rond en nie plat is nie, en dat die kosmos oor miljarde jare tot stand gekom het en nie in ses dae nie. Maar daar is by baie gelowiges steeds twyfel en selfs weerstand oor die aanvaarding van iets so basies in die natuur soos evolusie, om nie eens te praat van dat die mens nie uit 'n enkele volledig gevormde mensepaar voortspruit nie maar 'n lang evolusieproses deurgemaak het. Die voortstuwende kennisontploffing maak eenvoudig dat die kerk nie altyd kan byhou nie. Neem maar die verdere voorbeeld oor menslike seksualiteit en gevolglike selfdegeslagverhoudings (waaroor Van den Heever ook in sy boek handel). Die bolmakiesie wat die NG Kerk, byvoorbeeld, hieroor geslaan het van sy 2015-besluite (waar selfdegeslagverhoudings en -huwelike goedgekeur is) tot by sy 2016-besluite (waar weer terugkeer is na sy tradisionele standpunte) laat nie net blyk hoe moeilik dit vir die kerk is om wetenskaplike insigte met sekere Skrifuitsprake te versoen nie, maar skep ook verwarring by sy lidmate oor hoe betroubaar die kerklike leiding oor dié kwessies is.

Wat moet die lidmaat nou glo – die 2015- of die 2016-besluite? Dit is inderdaad vir die kerk moeilik om te aanvaar dat die gesag van die Skrif in tandem moet verkeer met onomstootlike wetenskaplike bewyse. Wat presies in die Skrif is nou gesagvol en wat nie? Word die grense van die Skrifgesag telkens uitgedaag en in feite teruggedruk met elke nuwe ontdekking of insig wat oënskynlik in direkte teenspraak met bepaalde Skrifuitsprake is? Ja, die kerk erken dat die Skrif nie " 'n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis is nie" en dat "die Bybel nie vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie". Maar dit is nie altyd so maklik om in spesifieke gevalle te besluit hoe die insigte van die wetenskap gepaar moet word met Skrifuitsprake en -insigte wat oor eeue gemeengoed van die kerk geword het nie. Dat die kerk egter in elke tydsgewrig die roeping het om hierdie uitdaging te aanvaar – daarin is ek dit eens met Van den Heever. Want juis so ontdek die kerk telkens wat die kernsake in die Bybel is, wat as kultuur- en tydgebonde uitsprake agtergelaat kan word, en wat die essensie van sy boodskap aan die wêreld is. En die kerk hoef ook nie halsstarrig te wees in die aanvaarding van hierdie uitdaging nie, want Skriftuur en natuur kan in die grond van die saak tog nie teenoor mekaar staan nie. Dit is immers dieselfde God – so bely die kerk – wat die natuur daargestel het wat ook die Skrif tot stand gebring het. Dis net dat die korpus van kennis omtrent die natuur wat in die tyd toe die Skrif tot stand gekom het veel kleiner was as vandag. Die Bybelskrywers was immers mense van vlees en bloed, kinders van hulle tyd. Die insigte waarmee hulle vorendag gekom het omtrent God en mens vertoon dus die tipiese trekke en vorme van daardie tyd. Dis daarom te verstane dat die destydse (beperkte) stand van kennis neerslag gevind het in die Skrif en dat dit soms in stryd kom met wat ons vandag weet van die

wêreld. En tog, so bely die kerk, bevat die Skrif insigte omtrent God en mens wat nie summier deur hedendaagse insigte as oudmodies omvergegooi kan word nie. Die Bybelskrywers het met insigte vorendag gekom wat die tand van die tyd oorleef het, wat inderdaad as geïnspireerde, deurleefde kennis beskryf kan word en wat daarom onontbeerlik vir elke geslag mense is, ongeag die tyd waarin hulle leef. En dit bring my die volgende gedagte.

4. Die probleem wat ek met Van den Heever se standpunte en soortgelyke standpunte het – want hy is nie uniek daarin nie – is dat dit 'n harde rasionalistiese inslag het. Daarmee bedoel ek dat hy logika of die menslike rede as ongeveer die enigste norm vir sinvolle lewe postuleer. Alles moet vir hom immanent (binne-wêrelds) verklaar word. Daar is nie veel ruimte vir die transendente – God – nie. Volgens hom het teologiese en godsdienstige kategorieë hulle kans gehad, dié behoort tot 'n vergange era, hulle is uitgedien; hulle bied nie meer lewensvatbare kategorieë van denke om die hedendaagse mens se behoeftes en verstaan van die wêreld te dien nie. Byvoorbeeld, die skeppingskategorieë van die Bybel moet volgens Van den Heever vervang word met natuurlike prosesse. Die ontstaan van die kosmos en van die mens is dus vir hom gewoon die verloop van natuurlike prosesse, geen transendente oorsaak hoef veronderstel te word nie. Goed, dit kan seker so verstaan word. Maar die wetenskap kan nie antwoorde bied oor wie of wat die proses begin het, of wáárom nie. Waarom is daar iets en nie niks nie? Waar kom die idee, die gedagte van 'n kosmos, van 'n aarde wat presies so geposisioneer is in ons sonnestelsel dat dit lewe kan onderhou, hoegenaamd vandaan? Het hierdie ingewikkelde ratwerk maar sommer vanself uit die niet tot stand gekom, of is dit 'n *skeppingsgebeure* uit niks (*creatio ex nihilo*), voortvloeiende uit die gedagte van 'n Oerintelligensie – die Groot Gedagte, soos Gideon Joubert dit in sy

gelyknamige boek genoem het? En, met al die ontelbare moontlikhede wat die natuur bied, is die voortgaande ontwikkeling iets wat maar net op sy eie wieletjies loop en na enige kant toe kan gaan, of word dit deur 'n Intelligensie gelei na 'n bepaalde einde toe? Die wetenskap kan nie hierop antwoorde bied nie, want dié soort vrae kan nie aan verifikasie onderwerp word nie. Dis hierop dat die Bybel intuïtiewe, geïnspireerde antwoorde bied – geloofsantwoorde – weliswaar geklee in die destyds beskikbare kenniskonstrukte. Want die een eienskap van geloof is dat dit 'n greep op die onsigbare werklikheid uitoefen wat nie deur waarneming en verifikasie gestaaf kan word nie, maar wat nogtans werklikheidsgeöriënteerd is. Hebreërs 11:1 sê byvoorbeeld dat geloof sekerheid gee van die dinge wat ons hoop en oortuiging bring oor die dinge wat ons nie sien nie. En dan word die res van Hebreërs 11 gewy aan Ou-Testamentiese “geloofshelde” wat die onsienlike gesien het en hulle lewe daardeur laat bepaal het. Hierdie onsienlike was nie 'n pypdroom nie, maar het aan hulle alledaagse lewe sin, betekenis en koers gegee, selfs al het hulle nie eens naastenby alles waarin hulle geglo het, in hulle lewenspan verkry nie (Heb 11:39-40). As Van den Heever dus aan die rede die alleenreg gee om te bepaal wat sinvol is, word weliswaar allerlei bygeloof en mites die nek ingeslaan (wat goed en reg is, ons het dit nodig), maar word daarmee ook die kind met die badwater uitgegooi. En dis onnodig. Die lewe omvat baie meer as geverifieerde waarhede. Dit is juis die taak van die teologie om die Bybel so te bestudeer dat dit ook die onsigbare – maar werklike – wêreld open sodat dit sin kan gee aan ons lewe. Wat my by die Bybel uitbring.

5. Van den Heever doen baie moeite om die resultate van die Bybelwetenskap van die afgelope dekades op die tafel te plaas en aan te toon dat Bybelwetenskaplikes self die diskrepansies, teenstrydighede, halwe waarhede,

onwaarhede, fabels en mites in die Bybel ontdek en blootgelê het, en dat dit daarom hoog tyd is dat die kerk hiervan kennis neem. Die punt wat hy wil maak, is dat die Bybel na alles nie die onfeilbare Woord van God is nie; mens kan nie alles vir soetkoek opeet wat in die Bybel staan nie. My probleem is nie dat hy hierdie resultate bekendstel nie – ek dink ook dit moet gebeur – maar wel dat dit selektief, eensydig en selfs pejoratief aangebied word. Die doel waarom die resultate van die Bybelwetenskap so doeltreffend as moontlik aan die kerklike publiek deurgegee moet word, is immers nie om lidmate se geloof te ondermyn nie, maar om dit te versterk. Die Bybelwetenskap se taak is juis om die leser te laat fokus op waarop dit regtig aankom, terwyl Van den Heever dit gebruik om die Bybel as uitgediend, agterhaal en selfs belaglik voor te stel, as iets wat nie betroubaar is nie en daarom liefers verder geïgnoreer moet word. So sê hy dat die mens se lewe op aarde eenmalig is, dat daar geen hiernamaals is nie, dat Christus se opstanding, hemelvaart en wederkoms mites is. Hy stel voor dat ons eerder in pas kom met die Ou Testament waarvolgens die lewe *op aarde* belangrik is, en dat ons bevry word van alle gedagtes oor 'n hiernamaals. Egte spiritualiteit is, volgens hom, gerig op die heiligheid van die aarde – dat die mens homself sien as deel van die groter kosmos en nie as kroon van die skepping en gevolglike heerser daaroor nie. Hy moet dit dus onderhou, verantwoordelik daarmee omgaan en vir die nageslag bewaar. So word menslike selfsug en eiebelang oorwin, dien jy jou naaste en transendeer jy jouself. Dít is die morele spiritualiteit wat tans gevra word, sê Van den Heever.

Ek het geen probleem met laasgenoemde strewe as sodanig nie, maar as dit al evangelie is wat Van den Heever wil hê die kerk moet verkondig, is dit, Bybels gesien, 'n erg verskraalde evangelie. Paulus sê byvoorbeeld dat hulle wat net vir hierdie

lewe op Christus hoop, die bejammerenswaardigste van alle mense is (1 Kor 15:19). Dit is nie die taak van die Bybelwetenskap om die mat van die volle evangelie onder lidmate uit te ruk nie. Dit sou dwaas wees. In elk geval, met al die kennis waaroor die wetenskap beskik, weet ons nog steeds nie veel nie. Wat weet ons nou eintlik van wat anderkant die grens van die dood lê? Daar is geen wetenskaplike bewyse dat daar geen lewe na die dood is nie. Waarom dan die alternatiewe kennis, die omvattende hoop wat die evangelie bied, verruil vir 'n pot lensiesop, by wyse van spreke? Dit is wel so dat die Ou Testament baie meer aardsgerig is in sy toekomspektief oor menslike lewe as die Nuwe Testament. Maar dit is juis die Bybelwetenskap wat aangetoon het hoe daar geleidelik veranderinge binne die Jodedom rondom menslike toekomsverwagtinge ingetree het, en dat die finale perspektief hieroor deurgebreek het met die koms van Jesus Christus. Sy opstanding uit die dood het 'n radikale herinterpretasie gebring oor verwagtinge rakende lewe na die dood. Daarom kan Paulus sê dat nie dood of lewe ons kan skei van God se liefde in Christus nie (Rom 8:38), en dat hy verlange het om ná sy dood "met Christus" te wees (Fil 1:23). Dit mag na naïewe opvattinge klink, maar die punt is: dít is die evangelie wat die kerk steeds met oortuiging verkondig, teen alles in wat dit oënskynlik teenspreek. Geloof gryp egter nie na grashalmpies nie, maar bou op die groot daad van God in die geskiedenis, op sy trou en liefde, wat standhou oor alle ongeluk – ook die dood – wat die mens kan tref. Natuurlik het die kerk geen verifieerbare wetenskaplike bewyse vir wat hy hieroor glo en preek nie, maar so het die wetenskap ook geen bewyse vir die teendeel nie, ten spyte van allerlei aansprake. Dit is daarom baie beter om met hierdie omvattende hoop te lewe, en vanuit hierdie hoop 'n sinvolle etiese lewe op aarde te voer. Wanneer Paulus sy groot hoofstuk oor die opstanding afsluit, is dit juis die opstanding wat hom daartoe bring om die Korintiërs op te roep om standvastig en onwankelbaar in die diens van die Here te wees, omdat hulle weet dat dit nie tevergeefs is nie (1 Kor 15:58). Dis beter om met hierdie

oortuiging te lewe as om met die skrale hoop wat die wetenskap hieroor bied, tevrede te wees. Weer eens, ons hoef nie die kind met die badwater uit te gooi om die soort morele lewe te lei waartoe Van den Heever ons oproep nie. Daar is 'n alternatief. Dis juis die eskatologiese hoop, gegrond in die lewe, sterwe en opstanding van Christus, wat Christene aanspoor om hier en nou verantwoordelik te lewe.

Die Bybelwetenskap se resultate bring mens dus nie uit waar Van den Heever wil hê dit ons moet uitbring nie. Die Franse filosoof en hermeneut, Paul Ricoeur, het gesê dat grondige, kritiese Bybelondersoek noodwendig beteken dat mens se eerste naïwiteit 'n skok kry. Jy besef naamlik dat daar oneffenhede in die Bybel voorkom wat nie wegverklaar kan word nie. En dit moet inderdaad grondig onder oë geneem word. Maar dis nie waar 'n mens moet bly vassteek nie, sê hy. Jy moet deurstee na 'n tweede naïwiteit waar jy nie net bewus is van al die kritiese standpunte rakende die Bybel nie, maar waar die verwondering weer terugkeer, waar jy begin agterkom wat die Bybel eintlik met die leser wil doen. Dis nie jy, magtige mens, wat God ondersoek en tot die gevolgtrekking kom dat Hy nie bestaan nie, maar dis jy as mens wat deur die brose woorde van baie getuies deur God se liefde, genade en geregtigheid ondersoek en oorrampel word. Daar vind 'n omkeer van rolle plaas: die *subjek* van ondersoek (die mens) word uiteindelik die *objek* van ondersoek. En op dié manier vind jy rus in God.

Ons weet nie regtig wat God alles vir ons in voorraad hou nie. Selfs die Bybel bied maar nog net 'n floue beeld op die toekoms van die mens. Ons kyk nog net in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld. Maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is (1 Kor 13:12). Wat ons wel weet, is dat God nie speletjies met ons speel nie. Hy het nie verniet die asem van die lewe in ons geblaas nie. Hy laat vaar nie die werke van sy hande nie. God sal die goeie werk wat Hy in ons begin het, end-uit voer tot by die wederkoms van Christus (Fil 1:6), wat dié ook al mag beteken. Wat ons nou weet, is egter

genoeg om getroos te lewe en te sterwe.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)